Ps. 119 : 29, 33.
Ps. 89 : 6
Ges. 36 : 5
B. 134 : 3.

# Profetiese Roeping

Esegi. 2 : 1-7

Bevestiging ds. D.P.M. Beukes, Linden 31. 3. 61.

Eseg. 2 : 4, – En die kinders is hard van aangesigen verstok van hart. Ek stuur jou na hulle, en jy moet vir hulle sê: So spreek die Here Here!

Die man met wie God hier praat is een van 'n groep van ballinge wat in die jaar 597 v.C. weg-gevoer is na Babel. Hd. wegvoering was die uitd-outwikkeling van 'n botsing tussen die 2 groot wêreldmagte Babilonië en Egipte wat stry om heer-skappy. Dit was 'n tyd van botsing v gemeed. van verwarring en krygsrumoer waarin die ou klein volkie Israel betrek word.

Terwyl hulle daar by die Kebarrivier as ballinge sit word Esegiël geroep as profeet. Sy naam = God maak sterk is 'n aanduiding van wat hom te wagte sou wees en van wat God bereid was om aan hom te skenk. Hy was d. seun van 'n priester, en 'n man van brië algemene outwikkeling, innig verbonde aan sy volk – 'n volk vir wie hy as voorbidder optree in hulle nood. Eers gee die Here aan Esegiël 'n visioen van die heerlikhd v God (hfs. 1) en dan volg sy roeping as profeet onder die ballinge. Ons ontdek hier dat God 'n woord het tot die boodskapper, tot sy hoorders, oor sy boodskap.

I. Die Boodskapper. Hy is die mens Esegiël, met al sy moontlikhede en swakhede. Mr. God sien hom uit 'n ander hoek aan: God sien hom as

① Gesandene: „Ek stuur jou na hulle". Duide-lik, diep brand God dit in in Es. se hart en gewete. Hy is bo al gesant v.d. Allerhoogste God, Ambassa-deur v.d. Koninkryk v God, mondstuk v.d. Koning!

Jy het nie gekies om dit te wees nie - as dit van jou afgehang het het jy vir God gesê: Kies liewer iemand anders! (Spurgeon se antw: As jy kan help moenie predikant word nie!)

→ Watter bemoediging en versterking om dit te onthou!

(2) Geringe: „Mensekind" (vss. 2 en 3) Die Here wil Eseg. nie onder enige illusie laat nie: in homself is hy niks nie - hy is blote gesandskap, kanaal, instrument, steierwerk. God wil elke boodskapper laat verstaan: alle grootdoenery, alle sensasie en vertoon, alle tentoonstel is hier uit d. Bose! Dan breek Hy elke ware bdskapper ons met hd. besef: ek is tot niks instaat! Ek is magteloos!

Besef: prediker niks meer as d. hoorder - net so sondig en nietig - kan net so struikel en val! Verskil net dit: val dieper want hy staan hoër!

Esegiël diep bewus van sy geringheid:

1 vs. 28 - val op sy aangesig as God hom roep

2 vs 2 - God moet hom oprig

3 vs. 15 - Sewe dae lank sprakeloos as hy terugkeer

II Hoorders: Ons ken hulle as d. verbondsvolk, die volk v God, die kinders v Israel, die uitverkorenes wat 'n besondere taak en roeping gehad het, besondere guns van God geniet het. So sien ons hulle - so sien Esegiël hulle ook.

Maar God nie - Hy sien hulle anders: (1) Gojim (vs 3)

(2) „En die kinders is hard van aangesig en verstok van hart" (vs 4)

(3) „Omdat distels en dorings by jou is en jy by skerpioene woon"

- Esegiël dit nie so gesien en beoordeel nie. Waarom nie? Omdat hy die Wd. v God nog nie tot hulle gebring het nie! Nog nie ontdek: die ware aard van d. mens kom eers uit wanneer hy persoonlik gestel word voor d. eis v.d. Wd. v God! Hy het nog nie verstaan dat al d. gebeure, die ballingskap, vernedering ens. die volk se siel verhard het nie. God moes hom daarop wys: verstok van hart. Hr. ten minste eerlik: geen huigelaars - hulle gesig buite soos hulle harte binne

- Die Wd. die groot Verdeler - tweesnydende swaard

III Die Boodskap: „Jy moet vir hulle sê: So spreek die Here Here!"

Ps. 119
Ps. 89:6.
Ges. 36.

# Profetiese Roeping

Eseg. 2:1–7.

Eseg. 2:4,5 –

Eseg. se visioen by die Kebarrivier (hfs. 1) – dan sy roeping as profeet (Eseg. 2).

I Die Boodskapper: Hy is bo al

① Gesondene: „Ek stuur jou na hulle" (vs. 4)
Gesant v.d. Allerh. God, ambassadeur, mondstuk v.d. Hemelkoning. Watter bemoediging & versterking om dit te onthou!

② Geringe: „Mensekind" (vs. 2 & vs. 3) In homself niks: blote gereedskap, kanaal, instrument, steiermuur. Moet dit besef: alle grootdoenery, alle bombast. optrede, alle sensasie & vertoon, hfs tentoonsprei hier uit d. Bose! Die preekstoel is nie 'n pronkstoel!
Besef: predikers niks meer as d. hoorders – net so sondig & nietig – kan net so struikel & val. Verskil net dit: val dieper want hy staan hoër! (Kerkbode – lewe & voorb. leraars)
Eseg. diep bewus van sy geringheid:
1 vs 28 – Val op sy aangesig by roeping
2:2 – God moet hom oprig
3:15 – Sewe dae lank sprakeloos as hy na d. ballinge teruggkeer.

II Hoordus? „En die Kinders is hard van aangesig en verstok van haat" (vs. 4). Gojim = nasies (vs 3)

„Distels en dorings by jou en jy by skerpioene woon" (vs. 6).

- Esegiël dit nie so gesien v gemerk. Inteendeel! Waarom nie? Omdat hy d. Wd v God nog nie tot hulle gebring het! Die ware aard v.d. mens kom eers uit wanneer hy pers. gestel gedaag word voor d. Skrif!

- Hd. veel ten minste eerlik - geen huigelaars: hulle gesig buite soos hulle harte binne

III Boodskap: Jy moet vir hulle sê: „So spreek die Here, Here!

Het een inhoud: So spreek d. Here!

Dus: belangrike saak is nie - wie die boodskap bring, hoe die boodskap gebring word nie. dat God d. boodskap gee!

Hoe verkry ons dit? Adek. baie eenvoudig - adek. ontsettende stlas!

4 V's
① ~~Studie~~ Vorsing navorsing
② Verootmoediging v gebed
③ Voorbidding
④ Verlüëning